

# KONINKRYK

# LES 12

## 1 GEBED

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

## 2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] 2 SAMUËL 11, 12, 13 en 24

*Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (2 Samuël 11, 12, 13 en 24). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

## 3 MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] HERHALING VAN SLEUTELVERSE IN ROMEINE

*Herhaal* twee aan twee die vyf sleutelverse in die boek van die Romeine.

**(1) Romeine 1:16.** Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood.

**(2) Romeine 1:17.** “In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo (letterlik: uit geloof tot geloof). Dit is soos daar geskrywe staan: Elkeen wat deur God vrygespreek (geregverdig) is omdat hy glo, sal lewe (letterlik: die geregverdigte sal uit die geloof lewe).”

**(3) Romeine 2:5.** Maar deur jou verharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaan vir die oordeelsdag, wanneer God sy geregverdigde oordeel sal uitspreek.

**(4) Romeine 2:15.** Die optrede van sulke mense bewys dat die eise van die wet in hul harte geskrywe staan. Ook hul gewetens getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word.

**(5) Romeine 3:28.** Ons betoog is tog dat 'n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie.

## 4 BYBELSTUDIE (85 minute) [DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 3:21-31

*Inleiding.* In Romeine 3:19-20 trek Paulus die konklusie van sy betoog dat geen heiden of Jood van nature geregverdig (vrygespreek) in God se oë is nie en dat almal verdoem is. Sy gevolgtrekking is dat die geregtigheid nie deur die hou van die wet verkry kan word nie. In Romeine 3:21-31 gee hy onderrig hoe die geregtigheid wel verkry kan word.

### STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

*Lees.* Ons gaan Romeine 3:21-31 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

### STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

*Oorweeg.* WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

*Skryf neer.* Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.

*Deel.* Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

“Regverdiging” beteken eerstens: om in die regte verhouding tot die God van die Bybel te staan (die posisie of staat van die gelowige is dat hy “regverdig” in God se oë is). “Regverdiging” beteken tweedens: om te doen wat reg in God se oë is (die groeiproses of lewensstyl van die Christen is “regverdig”).

“Regverdiging” beteken dat die God van die Bybel 'n mens volkome en volmaak “regverdig in sy oë” *verklaar* en hom daarom vir ewig as volkome en volmaak regverdig (vergewe, versoen) *beskou en behandel*. Die regverdiging is 'n *geregtelike handeling* van die soewereine God (die Regter).

Paulus het aangetoon dat dit absoluut onmoontlik vir goddelose en onregverdige heiden of selfs religieuse Jode is om geregverdig te word deur hul werke van die wet ('n soort van persoonlike verdienste). Maar die evangelie verkondig dat

die Bybel God se metode vir regverdiging (redding, verlossing) van mense openbaar, naamlik, deur God se genade en deur geloof in Jesus Christus.

### **3:21-24a**

#### **Ontdekking 1. Paulus lê die aard van die regverdiging uit.**

Die geregtigheid wat God vereis, word nie bewerkstellig deur die wet te hou nie (die werke van die wet te doen nie). Al in die Ou Testament het die profete geprofeteer oor die geregtigheid wat die Messias, Jesus Christus, sou bewerkstellig (Jesaja 53:5-6). Nou word hierdie geregtigheid in die Nuwe Testament geopenbaar.

Hierdie geregtigheid van God word verwerf deur die dood en opstanding van Jesus Christus en toegereken aan elke mens wat in Jesus Christus glo, ongeag of hy 'n Jood of 'n heiden is.

Daar is geen onderskeid hoegenaamd meer tussen 'n Jood en 'n heiden (letterlik: Griek), omdat alle mense van nature verdorwe en verlore is.

[Vers 22b en 23 is 'n tussensin wat nou verwant is aan wat daarvoor en daarna staan. Vers 24 hervat die tema van vers 22a en brei dit verder uit].

Hierdie geregtigheid deur die geloof in Jesus Christus word uit God se genade aan mense aangebied. Dit is heeltemal gratis (verniet).

---

### **3:24b-25a**

#### **Ontdekking 2. Paulus verklaar die grond vir die regverdiging.**

“Loskoop” (Grieks: apolutrōsis) (ANV: verlossing) beteken om 'n slaaf of 'n gevangene met losgeld terug te koop en dan te bevry. Die losprys (Grieks: lutron) is die bedrag waarmee die slaaf of gevangene vrygekoop is. Die losprys waarmee verlore mense losgekoop word, is niks minder as die dood van Jesus Christus aan die kruis. “Hy het sy lewe as 'n losprys vir baie mense gegee” (Markus 10:45; Johannes 10:11; 2 Korintiërs 5:21). Hy het Homself vrywillig as 'n soenofferande gegee (Johannes 3:18; 1 Petrus 1:18-19). Die losprys word niet aan die Satan gegee nie, maar aan God die Vader. Deur sy dood en sy opstanding uit die dood is Jesus Christus nou Self “die geregtigheid, heiliging en verlossing (die resultaat van loskoop)” van die Christen geword (1 Korintiërs 1:30; Efesiërs 2:4-7).

God se volmaakte heiligheid en geregtigheid eis dat alle sondes (onheiligheid en ongeregtigheid) van alle mense in die geskiedenis van die wêreld gestraf moet word en Hy eis dat alle mense in die geskiedenis volkome en volmaak heilig en regverdig moet wees en lewe. Omdat niemand in die wêreldgeskiedenis behalwe Jesus Christus 'n absoluut volkome en volmaakte (sondelose) lewe gelei het, kom alleen Hy in aanmerking om die soenofferande te wees wat verlore mense loskoop. Die soenofferande (Grieks: hilastérion) is 'n offer wat God se heilige en regverdige toorn (gebelgdheid) teen die sonde kan bevredig en die sonde en gevolge van die sonde kan wegneem. Deur sy “bloed”, d.w.s., deur sy dood en opstanding uit die dood, is Jesus Christus die Een wat God se toorn afgewend het en die sondes van die Christen weggenem het (sien 1 Petrus 2:24). Die soenofferande is dus 'n plaasvervangende offer, 'n offer in die plek van sondaars.

---

### **3:25b-26**

#### **Ontdekking 3. Paulus verklaar die doel van die regverdiging.**

Gedurende die Ou-Testamentiese periode (die periode van voorbereiding) het God dikwels die sondes van mense verdra. Dit het gelyk asof God onregverdig was, omdat Hy mense wat gesondig het, nie gestraf het nie.

Maar gedurende die Nuwe-Testamentiese periode (die periode van vervulling) het God bewys dat Hy deur die soenofferande van Jesus Christus sowel regverdig as barmhartig is. God is heeltemal regverdig, omdat Hy alle sondes van gelowiges *eens en vir altyd in die geskiedenis* deur die dood van Jesus Christus gestraf het. En God is heeltemal barmhartig, omdat Hy alle gelowiges in Jesus Christus regverdig en met Homself versoen (sien 1 Petrus 3:18). God bewys dat Hy volmaak in karakter is: Enersyds bly God volmaak heilig en regverdig, omdat Hy die sondes straf. Andersyds bly God volkome barmhartig en liefdevol, omdat Hy sondaars red (verlos). In die hele menslike geskiedenis was alleen die kruis van Jesus Christus in staat om die volmaakte geregtigheid van God (simbool: die horisontale balk) met die volmaakte liefde van God (simbool: die vertikale balk) met mekaar te versoen.

---

### **3:27-31**

#### **Ontdekking 4. Paulus verduidelik die resultate van die regverdiging.**

Omdat Jesus Christus die volmaakte regverdiging in die plek van gelowiges in Hom verwerf het, word roem in die werke van de wet (in die hou van die wet) heeltemal uitgesluit. Wat Jesus Christus tot stand gebring het, sluit alles uit wat mense tot stand probeer te bring. Die beginsel (wet) van *die geveinsde (skyn) geregtigheid* deur die werke van die wet (die hou van die morele, seremoniële en burgerlike wette van Israel) word vervang deur die beginsel (wet) van *die ware geregtigheid* deur die geloof in die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus.

Dus word 'n mens geregverdig deur die geloof sonder die werke van die wet (die morele, seremoniële en burgerlike wette in die Ou Testament).

Hierdie geregtigheid stel God bekend soos Hy werklik is: nie as “die god van 'n spesifieke groep mense nie” (bv. die Jode), maar as *die God van alle mense* (van Jode en van nie-Jode).

God regverdig Jode en nie-Jode (heidene) op presies dieselfde manier, naamlik, deur die geloof in Jesus Christus.

God se Nuwe-Testamentiese openbaring verplaas nie God se Ou-Testamentiese openbaring nie, maar bevestig dit!

### **STAP 3. VRAAG.**

### **UITLEG**

**Oorweeg.** WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 3:21-31 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

**Skryf neer.** Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

**Bespreek.** Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

### **3:21**

#### **Vraag 1. Wat is die betekenis van die woord “wet” in Romeine hoofstuk 3?**

##### **Aantekeninge.**

Die woord “wet” (Grieks: nomos) het verskillende betekenisse in die brief aan die Romeine en in die Bybel.

##### **(1) Die “wet” is God se heilige en regverdige regseis (vereiste) vir alle mense (Romeine 3:19b).**

**Hierdie wet is vir gelowiges in Jesus Christus vervul deur Jesus Christus alleen.**

God is 'n heilige en regverdige God. Daarom eis Hy enersyds dat alle sondes gestraf moet word en andersyds dat alle mense volmaak heilig en regverdig moet wees en volmaak heilig en regverdig moet lewe! Hierdie vereiste van God word God se “wet” of God se “regseis” genoem (Romeine 3:19b). Sien Romeine 3:19-20.

##### **(2) Die “wet” bestaan uit die gebooie, verbodsbepalinge en reëls in die Bybel (Romeine 3:10-18).**

**Die seremoniële wette is al vervul, opgehef en afgeskaf.**

**Die burgerlike wette is al vervang deur die Koninkryk van God.**

**Maar die morele wet bly geldig.**

Daar is drie soorte ‘wette’ in die Ou Testament wat nie van mekaar geskei kan word nie, maar wel van mekaar onderskei kan word:

**Eerstens. Die morele wet.** Die morele wet bestaan uit God se heilige en regverdige vereistes oor hoe gelowiges in Jesus Christus as gelowiges moet lewe. Hulle word *uitgedruk* in die Tien Gebooie en ander morele gebooie en verbodsbepalinge in die Bybel. Die morele wet is nooit opgehef of afgeskaf nie. Dit bly geldig gedurende die Nuwe-Testamentiese periode as die leefreëls van 'n verlore (geregverdigde) Christen. Die aanhalings uit die Psalms en Jesaja in Romeine 3:10-18 is voorbeelde van hierdie wet.

Wat hierdie “wet” (die Ou Testament Skrif/Boek) (Romeine 3:19a) ook al sê, sê dit aan alle mense in die wêreld, omdat alle mense in die wêreld “ingesluit is in”<sup>1</sup> die wet (in God se heilige en regverdige regseis) (Romeine 3:19b). Daarom is “die wet” nie alleen maar die Tien Gebooie losgesny van die res van die Ou Testament nie, maar al God se gebooie, verbodsbepalinge, vereistes en oordele in die Ou Testament. Hierdie “wet” is nie dood nie, maar “spreek/praat”. 'n Belangrike funksie van God se Gees is om “mense te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel” (Johannes 16:8). God se Gees maak die woorde in die Bybel “lewend” sodat hulle tot die hart, die verstand, die gewete en die wil van die mens spreek (Hebreeërs 4:12; 2 Timoteüs 3:16-17).

Romeine 3:19b sê dat alle mense in die wêreld “ingesluit is in” (nie: “onder”) God se wet (God se heilige en regverdige regseis soos dit uitgedruk word in veral God se morele gebooie en verbodsbepalinge in die Bybel).

- Romeine 3:19b sê dat “die wet” (God se heilige en regverdige regseis uitgedruk in die morele wette) *funksioneer as 'n regter*. Hy smoor elke redenering teen die God van die Bybel en teen sy openbaring in die Bybel en roep alle mense om verantwoording af te lê teenoor die God van die Bybel.
- Romeine 3:20b sê dat “die wet” (soos in Romeine 3:19b) *funksioneer as 'n spieël*. Dit wys natuurlike mense hoe hulle werklik is, hoe God hulle sien, en hoe sondig hulle werklik is. Dit maak hulle pynlik bewus dat hulle volkome verdorwe is.
- En Romeine 3:21a sê dat “die wet” (soos in Romeine 3:19b) *nie kan funksioneer as 'n verlosser* nie. Dit kan die weg van verlossing nie openbaar nie en sal mense in God se oë nooit verlos nie. Dit openbaar nie die weg van verlossing (regverdiging en heiliging) nie en kan dit ook nie openbaar nie.

<sup>1</sup> Romeine 3:19. Nie: “onder die wet”, maar “ingesluit in die wet”

**Tweedens. Die seremoniële wet.** Die seremoniële of rituele wette is God se vereistes hoe mense tot God in gebed en aanbidding moet nader:

- Gedurende die Ou-Testamentiese periode is hierdie wette uitgedruk in seremoniële wette wat uit die volgende bestaan het:
  - wette oor die tempel
  - wette oor die priesters
  - wette oor die Sabbat en die religieuse feeste
  - en wette oor die offerandes en gawes.

Met die eerste koms van Jesus Christus “volg noodwendig ook ’n verandering van die (seremoniële) wet” (Hebreërs 7:12).

- Gedurende die Nuwe-Testamentiese periode het Jesus Christus die wet ingeslote die seremoniële wette:
  - vervul (Matteus 5:17)
  - opgehef (Kolossense 2:14)
  - en afgeskaf (Efesiërs 2:15).

Die seremoniële wette is nie langer geldig in die Nuwe-Testamentiese periode nie en mag nie weer in die Nuwe-Testamentiese Gemeente (Kerk) ingevoer word nie (sien Galasiërs 4:8-10; 5:1-7)! Die viering van die Ou-Testamentiese godsdienstige feeste is afgeskaf! Gedurende die Nuwe-Testamentiese periode soek God mense wat Hom aanbid, nie met rituele en seremoniële wette nie, maar “in Gees en in waarheid” (Johannes 4:23-24).

**Derdens. Die burgerlike wette.** Die burgerlike wette is God se regverdige vereistes met betrekking tot die bestuur of regering van die gemeenskap (gemeente) van sy volk.

- Gedurende die Ou-Testamentiese periode bevat hierdie burgerlike wette reëls hoe die nasionale en politieke volk van Israel sou moet funksioneer: wette met betrekking tot besittings, belastings, oorloë, siektes en seksuele oortredings.
- Gedurende die Nuwe-Testamentiese periode word God se volk, die gelowiges in Israel, voortgesit op ’n hoër vlak en uitgebrei om die gelowiges vanuit die heidense volke in te sluit. Daarom is die burgerlike wette van die staat Israel in die Ou Testament ook vervang of vervolmaak deur die onderrig van Jesus Christus oor die Koninkryk van God in die Nuwe Testament.

### **(3) Die “wet” is die Ou-Testamentiese Geskrifte of ’n deel daarvan (Romeine 3:19a,21b).**

#### **Hierdie wet is die Ou-Testamentiese Gedeelte van die Bybel.**

Die morele wette (God se heilige en regverdige vereistes vir verlossing en veroordeling), die seremoniële wette (God se vereistes vir hoe mense tot God moes nader en Hom moes aanbid gedurende die Ou-Testamentiese periode) en die burgerlike wette van die gemeenskap van Israel (God se vereistes hoe die volk van Israel bestuur moes word gedurende die Ou-Testamentiese periode) word uitgedruk in gebooe en verbodsbepalings wat in die Ou Testament geskrywe staan. Daarom word die Ou Testament ook wel “die Wet (Hebreeus: Tora) en die Profete” genoem (Matteüs 5:17).

Maar die Ou Testament bevat meer as alleen maar morele, seremoniële en burgerlike wette. Dit bevat ook heilsgeskiedenis, godsdienstige gedigte en profesieë. Romeine 3:21b sê dat “die wet” (in die sin van die Ou-Testamentiese Geskrifte) wel “’n weg openbaar wat mense regverdig maak (red, verlos) sonder die werke van die wet” (in die sin van te probeer om die morele, seremoniële en burgerlike wette te hou).

Die Ou Testament en die Nuwe Testament openbaar dat:

- “geregtigheid” ’n attribuut van God en nie van natuurlike mense is nie
- hierdie geregtigheid deur die heilige en regverdige God van die Bybel van elke mens geëis word
- ’n mens hierdie geregtigheid alleen kan verkry as ’n genadige geskenk (gawe) deur geloof (Genesis 15:6; sien Galasiërs 3:6-9). God se geregtigheid kan nooit verkry word deur “die werke van die wet” (deur te probeer om die godsdienstige handeling van die morele, seremoniële en burgerlike wette te hou) nie!

### **(4) Die “wet” kan ook ’n beginsel of ’n sisteem of ’n metode of ’n orde van dinge wees (Romeine 3:27).**

---

## **3:21-24a**

### **Vraag 2. Wat is die aard, grond en middel van die regverdiging (verlossing)?**

**Aantekeninge.**

*Die aard* van die regverdiging is dat dit *God se geregtigheid* is en nie die geregtigheid van ’n mens is nie. “Christus Jesus is ons geregtigheid” (Grieks: dikaiosuné) (ANV: vryspraak)(1 Korintiërs 1:30).

*Die grond* van die regverdiging is dat God sy geregtigheid vryelik uit genade skenk.

*Die middel* van die regverdiging is dat ’n mens hierdie geregtigheid van God (Christus) *deur geloof alleen aanneem*.

### **(1) Die aard van die geregtigheid**

**is dat dit God se geregtigheid is en nie die geregtigheid van 'n mens is nie (Romeine 3:21,23).**

Sommige mense dink dat “God se geregtigheid” beteken dat *die geregtigheid van God kom (deur God gegee word)*. Ander mense dink dat die geregtigheid *deur God goedgekeur is*. En 'n derde groep mense dink dat die geregtigheid (van die gelowige) *God kan oorhaal* en daarom die gelowige kan regverdig. Maar die verband maak baie duidelik dat God se geregtigheid niks minder is as *die aard van God en die besit van God alleen* is. God alleen is regverdig en God alleen besit geregtigheid! Dit is die geregtigheid van 'n mens!

Die geregtigheid van God word ook teenoor die geregtigheid van alle mense gestel. Dit is 'n geregtigheid “sonder die werke van die wet”, d.w.s., sonder die allerbeste inspannings van die mens om geregtigheid te verwerf deur die morele, seremoniële en burgerlike wette te hou (Romeine 3:21a). Selfs die mees volmaakte menslike geregtigheid wat mense dink dat hulle verwerf deur die hou van die wet (sien Jesaja 64:6) is onvoldoende om die toorn van God teen die sonde van die mens te bedaar (tot rus te bring) en voldoen ook nie aan God se standaard van volmaaktheid vir die menslike gedrag nie.

“Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Romeine 3:23). Daar is geen mens wat “God se heerlikheid” besit nie, d.w.s., wat God se heiligheid en geregtigheid of God se liefde en trou besit nie! Almal

- het hul staat (posisie) van volmaaktheid in die sondeval verloor
- mis nou God se heerlike kenmerke
- mis ook God se goedkeuring!

Daarom staan die geregtigheid van God absoluut teenoor sowel die ongeregtigheid van die mens as die vermeende geregtigheid van die mens! Die geregtigheid van God word nie deur 'n enkel mens bewerkstellig of verwerf nie. Die geregtigheid word deur God gekenmerk en is die besit van God alleen. God is die enige Outeur (die en wat verwerf) van die geregtigheid, die enige Besitter van die geregtigheid en die enige Gewer van die geregtigheid! Daarom is dit ook die enige geregtigheid wat God goedkeur (aanvaar) en die enige geregtigheid wat by Hom geldig is (wat Hom oortuig)!

### **(2) Die grond of rede van die geregtigheid**

**is dat geregtigheid vryelik uit God se genade geskenk word (Romeine 3:24).**

“Hulle word sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus” (Romeine 3:24). Dit is die belangrikste onderdeel van die leer/onderrig van Paulus oor die regverdigmaking. Daar is hoegenaamd niks in die mens en ook niks wat 'n mens kan doen om God te beweeg om te handel of Hom te dwing om 'n mens te regverdig nie. In teendeel, alles wat die mens is en alles wat die mens doen dwing God om die mens te oordeel en te veroordeel (verdoem).

Die fantastiese boodskap van die evangelie is juis dat die geregtigheid van die gelowige volkome bepaal word deur Wie God is en deur wat Hy gedoen (verwerf) het in die uitoefening van sy vrye en soewereine genade.

Maar die nadruk op God se vrye en soewereine genade sluit nie die middel uit waardeur sy genade uitgeoefen word nie. Die Middelaar van God se genade is Jesus Christus en sy volbragte verlossingswerk deur sy dood en sy opstanding uit die dood. Die grond vir die regverdiging of verlossing is alleen die selfopofferende liefde en kosbare genade van God wat uitgedruk word in die dood van Jesus Christus aan die kruis. God se genade is nooit goedkoop genade nie wat mense uitdeel sonder 'n kosprys. God se genade is kosbare genade wat die lewe van sy Seun gekos het. Maar daarom is die regverdiging deur God se genade ook heeltemal kosteloos (gratis) vir mense. Die geregtigheid van God kan nie deur mense verwerf, verdien of gekoop word nie. Maar die geregtigheid van God het vir God wel die hoogste prys gekos – die lewe van sy enige Seun!

Die dood van Jesus Christus aan die kruis verhoog die genadige karakter van die geregtigheid van God. Die barmhartigheid en genade van God hef die heiligheid en geregtigheid van God nie op nie (skaf dit nie af nie), maar vervul eerder die vereistes wat die heiligheid en geregtigheid van God vereis. Omdat God Self die prys betaal het, kan God sy barmhartigheid en genade (sy liefde) uitoefen op onheilige en onregverdige mense sonder sy eie heiligheid en geregtigheid opsy te sit!

### **(3) Die middel tot die geregtigheid**

**is dat geregtigheid verkry word deur geloof alleen (Romeine 3:22).**

Die geregtigheid van God is nie die geregtigheid van 'n mens nie en daarom kan 'n mens hierdie geregtigheid alleen van buite homself ontvang, vanuit God se genade (die Gewer) en dit alleen deur geloof aan te neem (die ontvanger). 'n Mens kan die geregtigheid van God nie verwerf, verdien of koop nie, maar alleen as 'n geskenk deur geloof in die Here Jesus Christus van God aan te neem (te ontvang!)

Die gelowige ontvang die geregtigheid van God “nie op basis van geloof” nie (Grieks: dia pistin), maar “deur geloof” (Grieks: dia pisteós). “Geloof” is nie “'n soort van goeie werk” van die mens wat *die grond of rede* vorm waarom God die gelowige regverdig nie. “Geloof” is niks meer as “*die instrument of middel* (die leë hand) waarmee die gelowige in Jesus Christus die geregtigheid van God in ontvangs neem. “Die geloof” is nie 'n soort algemeen religieuse geloof wat alle godsdienste het nie<sup>2</sup>, maar 'n spesifieke geloof in Wie Jesus Christus is en in wat Jesus Christus deur sy dood en opstanding tot stand gebring het!

<sup>2</sup> Die algemene valse leerstelling dat “elke mens op grond van sy eie “geloof” (bv. Hindoeïsme) gered word.

Die geregtigheid van God word geskenk aan elke mens wat in Jesus Christus glo sonder onderskeid in ras, kultuur of mate van geloof. Vanaf die eerste koms van Jesus Christus is daar: “geen verskil of ’n mens ’n Jood of ’n Griek (nie-Jood) is nie” met betrekking tot:

- die weg van verlossing (Romeine 10:12). Die weg van verlossing is dieselfde vir alle mense
- die staat (posisie, toestand) van hul geestelike en morele verdorwenheid: “almal het gesondig” (Romeine 3:23).
- die manier waarop hulle geregtig (gered, verlos) word: “deur geloof sonder die werke van die wet” (Romeine 3:28).

---

### 3:24b-25a

#### **Vraag 3. Wat is die effek van die regverdiging (verlossing)?**

**Aantekeninge.**

Die effek van die regverdiging wat Jesus Christus tot stand bring, is dat

- Hy onregverdige mense loskoop
- die regverdige toorn (gebelgdheid) van God bedaar (tot rus bring)<sup>3</sup>
- en die verlore mens weer met God versoen<sup>4</sup>.

#### **(1) Die effek van die regverdiging**

**is dat onregverdige mense losgekoop word (Romeine 3:24b).**

Die “losprys” (Grieks: lutron) is die prys wat betaal word om die slaaf of gevangene vry te koop. Die losprys is niks minder as *die lewe* van Jesus Christus nie! Jesus Christus het sy lewe volkome vrywillig (sonder dwang) as ’n soenofferande (Johannes 10:18; 1 Petrus 1:18-19) “in die plek van” en “vir baie” gegee (Markus 10:45; Johannes 10:11; 2 Korintiërs 5:21). Die losprys word nie aan die Satan uitbetaal nie, maar aan God die Vader (Romeine 3:24-26). Deur sy dood aan die kruis en sy opstanding uit die dood het Jesus Christus en is Jesus Christus Self “die geregtigheid (ANV: vrypraak), heiliging en verlossing (die loskoop)” van elke Christen (1 Korintiërs 1:30; Efesiërs 2:4-7).

Die genade van God het Jesus Christus as “die losprys” wat sondaars “loskoop” verskaf (gegee). Jesus Christus het die gelowiges in Hom losgekoop uit die slawerny aan en die gevangenskap in die sonde deur die losprys (sy dood aan die kruis) te betaal. Jesus Christus is nie alleen maar die Een wat die loskoop bewerkstellig nie (tot stand bring nie)(deur ’n soort van bemiddelaar nie), maar Hy is die beliggaming van die loskoop: Hy het nie alleen maar ’n som geld as losprys betaal nie, maar is Self die losprys deur sy lewe (homself) te gee as ’n lewende soenoffer. Wat Jesus Christus tot stand gebring het, kan nie geskei word van sy Persoon nie. Die loskoop (verlossing) van mense wat aan die sonde verslaaf is, kan nie geskei word van die Loskoper (die Verlosser) nie, van Iemand wat die losprys betaal het nie! Daarom is dit heeltemal onmoontlik om mense los te koop (te verlos) sonder ’n Loskoper (’n Verlosser) (sien Jesaja 43:10b-11)<sup>5</sup>! Jesus Christus is die Loskoper (die Verlosser), die Middelaar van die versoening (die loskoop). Wanneer ’n mens in Jesus Christus gaan glo, word hy werklik losgekoop (verlos) en bevry van die slawerny en gebondenheid aan die sonde<sup>6</sup>.

#### **(2) Die effek van die regverdiging**

**is dat God se heilige en regverdige toorn teen die sonde versoen (gekalmeer, gestil, bevredig) word (Romeine 3:25a).**

God se genade het Jesus Christus “deur sy bloed (sy plaasvervangende dood aan die kruis) openlik aangewys (Grieks: protithémi) as soenmiddel (Grieks: hilastérion). “Die soenmiddel” beteken dat:

- God se heilige en regverdige toorn (gebelgdheid) teen die sonde versoen is (bevredig en dus gekalmeer/gestil is)
- God se toorn en bestraffing afgewend is
- die sonde weggeneem is.

“Versoening (bevrediging, kalmering, gunstige stemming) (van die sonde)<sup>7</sup> versoen die geregtigheid en heiligheid van God met die barmhartigheid en liefde van God.

Die uitdrukking “deur sy bloed” leer nie dat daar ’n soort van magiese krag skuil in die bloed van Jesus Christus nie! “Die bloed” is ’n simbool vir “die lewe” (Leviticus 17:11) wat Hy deur sy dood aan die kruis volkome vrywillig gegee het. Dus “die vergieting van bloed” is die simbool vir die soenoffer waardeur alle sondes van di gelowiges in Jesus Christus vergewe word (Hebreërs 9:22) en hulle volmaak gereinig word (1 Johannes 1:7).

Daar moet ’n soenoffer (Grieks: hilastérion) gebring word wat voldoen aan God se vereiste vir die veroordeling en bestraffing van die sonde. ’n Soortgelyke soenoffer moet aan die volgende kriteria voldoen:

- Die soenoffer moet ’n mens wees, omdat die bloed van offerdiere geen versoening van sonde kan bewerkstellig nie (Hebreërs 10:3-4).
- Die soenoffer moet sondeloos wees, omdat ’n sondaar geen versoening vir homself kan doen nie (2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 4:15; 7:26-27).

---

<sup>3</sup> Engels: propitiates, makes atonement for sin.

<sup>4</sup> Engels: reconciles the sinner

<sup>5</sup> Alle ander godsdienste in die wêreld het geen “losprys” en ook geen “Loskoper” nie!

<sup>6</sup> Die mag, skuld, skande, onreinheid, besmetting en teenwoordigheid van die sonde

<sup>7</sup> Engels: propitiation



- Die soenoffer moet volkome vrywillig sterwe, omdat dit anders 'n slagoffer en geen soenoffer is nie (Johannes 10:17-18; Matteus 16:53).
- Die soenoffer moet God se keuse wees, omdat dit ander nie die werk van God (Handelinge 2:23; 1 Petrus 1:20), maar die werk van mense is. Die soenoffer bevredig God se heilige en regverdige toorn (gebelgdheid) teen die sonde, neem die sonde van die sondaar weg en versoen die sondaar met God. Deur sy dood aan die kruis het Jesus Christus Self die Een geword wat God se toorn afwend, die sonde wegneem en die sondaar met God versoen.

Die uitdrukking “God het Christus openlik ten toon gestel” (Grieks: protithémi)(ANV: gegee as soenmiddel” (Romeine 3:25), kan die volgende beteken:

- dat *van alle ewigheid af* God die Vader die doel, plan en ontwerp gehad het dat Jesus Christus deur sy soenoffer die Loskoper (die Verlosser) sou wees (Efesiërs 1:9,11; 1 Petrus 1:18-20). “Jesus wat ooreenkomstig die vasgestelde raadsbesluit en die voorkennis van God oorgegee is” (ANV: God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer) (Handelinge 2:23a).
- dat *binne die geskiedenis van die wêreld* God die Vader Jesus Christus as die soenoffer vir die sondes openlik ten toon gestel het. “Het julle deur die hande van onregverdige mense (ANV: die heidene) aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak” (Handelinge 2:23b).

Die bedoeling is dieselfde, naamlik, dat God die Vader Self die Een is wat die loskoop verskaf het wat Hy al vóór die skepping van die wêreld beplan het en in die tyd uitgevoer het. Dit is 'n verdraaiing van die waarheid om te sê dat God die Vader deur die soenoffer van Christus oorgehaal moes word, want God het van die begin af aan al besluit dat Jesus Christus die soenoffer in die menslike geskiedenis sou wees. God hoef nie oorgehaal te word nie, maar God doen iets wat goed is (Hy bewys barmhartigheid) deur iets wat sleg is doen (die sonde nie te straf nie). Hy bewys barmhartigheid aan die sondaar, omdat Hy die sonde gestraf het. God se geregtigheid en God se barmhartigheid word volkome volmaak met mekaar versoen aan die kruis! Omdat God heilig en regverdig is, moet Hy die sonde veroordeel en straf. Maar omdat God ook barmhartig en liefdevol is, het Hy die Middel om die sonde te straf en mense te red ook verskaf!

Dus, Romeine 3:25a kan die beste letterlik as volg vertaal word: “Deur die vergieting van bloed het God Jesus Christus openlik voorgestel as die soenoffer wat effektief word deur die geloof.” (ANV: God het Jesus Christus gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo). God het vanaf die begin af beplan (besluit) dat Jesus Christus die soenoffer sou wees, d.w.s., dat Jesus Christus die middel sou wees om die heilige en regverdige toorn van God te versoen (te stil, te bedaar, te bevredig) en dat hierdie versoening eers in die menslike geskiedenis effektief word deur die dood van Jesus Christus aan die kruis en wanneer mense in Jesus Christus gaan glo.

### **3:25b-26**

#### **Vraag 4. Wat is die doel van die regverdiging (verlossing)?**

*Aantekeninge.*

Die doel van die regverdiging is om God se volmaakte geregtigheid te demonstreer. Dit bewys God se volmaakte karakter. In vers 26 beteken God se inherente geregtigheid wat deur niks geskend kan word nie en wat deur die regverdiging van sondaars bewys en gehandhaaf word.

#### **(1) Die doel van die regverdiging**

**is om God se volmaakte geregtigheid te demonstreer vóór die dood van Jesus Christus.**

Gedurende die Ou-Testamentiese periode kon mense nog sê dat God “onregverdig” is, omdat Hy die volke van die wêreld maar hul gang laat gaan (Handelinge 14:16) en omdat Hy hul onkunde met betrekking tot wie God is en wat Hy wil oorgesien het (Handelinge 17:30). Gedurende die Ou-Testamentiese periode het God sy geduld en verdraagsaamheid gewys deur die sondes wat gepleeg word te ontsien. Hy het mense nie onmiddellik en volgens wat hul ongeregtigheid en onkunde verdien, gestraf nie. En Hy het gelowiges soos Abraham en Dawid geregtig sonder hul sondes te straf (Genesis 15:6; Psalm 32:1-2)!

Maar God se verdraagsaamheid gedurende die Ou-Testamentiese periode mag nie uitgelê word as onverskilligheid teenoor die sonde nie. Sy uitstel van veroordeling en straf mag nie uitgelê word as vergewing van sondes nie! “Sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie” (Hebreërs 9:22)!

#### **(2) Die doel van die regverdiging**

**is om God se volmaakte geregtigheid te demonstreer ná die dood van Jesus Christus.**

Tydens die eerste koms van Jesus Christus het hy die kruis gesterf en sy bloed uitgestort. Hy “het sy lewe as 'n losprys vir baie mense gegee” (Markus 10:45). Hy “het sy lewe vir die skape afgelê” (Johannes 10:11). Sy dood was die straf vir die sondes van sy mense.

Maar deur uiteindelik 'n soenoffer te bring as 'n losprys om vir die sondes te betaal:

- is enersyds mense geregtig wat gedurende die Ou-Testamentiese periode geglo het in die Messias wat nog moes kom.
- is andersyds mense geregtig wat gedurende die Nuwe-Testamentiese periode geglo het in die Messias wat al gekom het!

Die dood van Jesus Christus het dus nie alleen 'n affêk na die toekoms (die Nuwe-Testamentiese periode) nie, maar ook na die verlede (die Ou-Testamentiese periode).

Na die dood van Jesus Christus aan die kruis, kan niemand meer sê dat God “onregverdig” is nie! Na die dood van Jesus Christus aan die kruis kan ook die Satan nie meer vir Christene (die gelowiges) bly aankla nie deur te sê dat hul sondes nie versoen is nie (Openbaring 12:10-11)! Die dood van die Here Jesus Christus aan die kruis is die grond of rede vir die regverdiging van gelowiges in sowel die Ou Testament as in die Nuwe Testament!

*Die dood van Jesus Christus bewys* dat God volkome regverdig was toe Hy die sondes van gelowiges wat *vóór die eerste koms* van Jesus Christus gepleeg is, ongestraf gelaat het. Dit bewys ook dat God nog steeds “regverdig” is as Hy die sondes wat gelowiges *in die teenwoordige tyd* pleeg, ongestraf laat (d.w.s., vergewe)! Die verdienste van die losprys of die soenoffer reik *agteruit* deur alle eeue heen tot aan die skepping van die mens en *voortuit* deur alle eeue heen tot aan die wederkoms van Christus!

*Die opstanding van Jesus Christus bewys* dat God die soenoffer van Jesus Christus aanvaar het! Die dood en die opstanding van Jesus Christus is *die middelpunt* van God se handeling met die mens in die wêreldgeskiedenis! Daarom is die hart van die evangelie deur heel die Nuwe Testament heen: “Jesus Christus wat gekruisig is en uit die dood opgestaan het, die Here” (Johannes 1:29; 10:17-18; 11:51-52; 12:31-32; Handeling 2:23-24,36; 3:13-15,18; 4:10-12; 5:30-31; 7:52,55; 8:32; 10:39-43; 13:27-35; 26:22-23; 1 Korintiërs 1:23-24; Openbaring 12:11).

As God mense wat in Jesus Christus glo, regverdig, dan word zij nie geregverdig op grond van hul (mooi) karakter en goeie (godsdienslike) werke nie. Hulle word geregverdig op grond van wat God *eens en vir altyd in die menslike geskiedenis* in en deur Jesus Christus gedoen het! Hulle word nie geregverdig deur ’n daad van God waarin Hy die regverdige vereistes van die wet opsy skuif, soos sommige wêreldse heersers doen nie. Hulle word geregverdig deur die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus vir hulle en in hulle plek. Hierdeur is die regverdige vereistes (die wet) van God vir die veroordeling (en bestraffing) van alle sondes en vir die verlossing (regverdiging en heiliging) van gelowiges in Jesus Christus volkome en volmaak voldoen! Alleen die kruis van Jesus Christus bly die sigbare demonstrasie dat die geregtigheid en heiligheid van God volledig en volmaak met die barmhartigheid en genade (liefde) van God vir die sondaar versoen is!

---

### 3:27-31

#### **Vraag 5. Wat is die resultate van die regverdiging (verlossing)?**

*Aantekeninge.*

##### **(1) Die resultaat van die regverdiging**

**is dat gelowiges nederig gehou word (om ons op iets te roem is uitgesluit) (Romeine 3:27-28).**

“Die wet van die geloof” sluit trots van mense uit. Die woord “wet” beteken hier “beginsel, sisteem, metode of orde” van dinge. Morele mense wat hulle beroem op hul “goeie werke” (dade) of godsdienslike mense wat hulle beroem op hul “religieuse werke” (deur te probeer om die morele, seremoniële en burgerlike wette te hou)<sup>8</sup> is uitgesluit. Om jou op iets te beroem is gebaseer op die wet (die beginsel) van voorgegewe (geveinsde) regverdiging deur die werke van die wet (om te probeer om die morele, seremoniële en burgerlike wette te hou), maar dit alles word uitgesluit deur die wet (die beginsel) van ware regverdiging deur die geloof in die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus.

Twee sake word met mekaar vergelyk sodat hulle mekaar volledig uitsluit. Die sisteem (van die Jode) waarby *die wet (die poging om die morele, seremoniële en burgerlike wette te hou) die metode van die regverdiging is*, word uitgesluit deur die sisteem (van die Bybel) waarby *die geloof die metode van die regverdiging is*. Die regverdiging deur die werke van die wet is gebaseer op wat mense is en doen, terwyl die regverdiging deur die geloof gebaseer is op wat God is en wat Hy gedoen het en nog steeds doen! Die werke van die wet (die poging om die morele, seremoniële en burgerlike wette te hou) wens hulleself geluk, terwyl die geloof in Jesus Christus hulleself verloën. Die werke van die wet beroem hulle op hulle eie prestasies of verworwenhede, terwyl die geloof hom beroem op die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus. Die wet (die beginsel) van die geloof sluit daarmee die wet (die beginsel) van werke as ’n middel tot regverdiging uit! Daarom kom vers 28 tot die gevolgtrekking, “Ons betoog is tog dat ’n mens vrygespreek word (geregverdig word) omdat hy glo, nie omdat hy die wet (die morele, seremoniële en burgerlike wette) onderhou nie<sup>9</sup>.” ’n Mens word alleen geregverdig (vrygespreek) deur die geloof in die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus!

“Die regverdiging deur die geloof” beteken dat God uit genade die geregtigheid van Jesus Christus toereken (toeskryf) aan ’n gelowige wat dit glad nie verdien nie. Dit beteken: God verklaar die gelowige in Jesus Christus heeltemal volmaak regverdig en beskou en behandel hom voortaan as heeltemal volmaak regverdig in sy oë.

##### **(2) Die resultaat van die regverdiging**

**is dat dit bewys dat die enige God maar één weg van verlossing (één manier van regverdiging) vir mense het (Romeine 3:29-30).**

Deuteronomium 6:4 bewys dat die Jode geglo het dat daar maar één God is. As daar maar één God is (sien. Eksodus 20:3, “Jy mag naas My geen ander gode hê nie”), dan moet hierdie een God die God van sowel die Jode as die nie-Jode (die heidene) wees! En as Hy die God van alle mense is, dan kan daar maar één manier wees waarop Hy mense

---

<sup>8</sup> Bv. (1) die geloofsbelydenis in één God, (2) soveel keer per dag te bid, (3) soveel keer te vas, (4) soveel geld te gee en (5) soveel pelgrimsreise te maak, (6) die besnydenis, (7) godsdienslike klere (kipa, kopdoek) te dra, (8) godsdienslike reëls vir voedsel te hou (kosher, halal, geen varkvlies).

<sup>9</sup> Die Tora in die Judaïsme, die wettisisme onder bepaalde Christene en die Sharia in die Islam.



regverdig (red, verlos). Hierdie een manier is nie deur die werke van die wet wat mense doen nie, maar deur die geloof in wat God gedoen (volbring) het!

Hy sal die Jode “uit die geloof” (Grieks: ek pisteós)(Romeine 1:17; 4:16) regverdig en die heidene “deur die geloof (Grieks: dia pisteós) (Romeine 3:22,25; Galasiërs 2:16) (ANV: enkel en alleen omdat hulle glo).” Daar is geen verskil tussen hierdie twee uitdrukkings nie, omdat Paulus hulle sonder onderskeid gebruik om dieselfde te sê. Alle mense, ondanks hul oorspronklike godsdiens of sekularisasie, word alleen geregverdig deur middel van hul geloof in wat die God van die Bybel in en deur Jesus Christus gedoen het! Die toekomstige tyd van die werkwoord verwys nie na die laaste oordeelsdag in die toekoms nie, maar druk uit dat die regverdiging deur die geloof van nou af baie seker die metode vir die regverdiging is.

### **(3) Die resultaat van die regverdiging is dat die wet bevestig word (Romeine 3:31).**

Sommige mense beskou Romeine 3:31 as 'n inleiding op Romeine 4 en dan verwys die woord “wet” na die hele Ou Testament. Maar Romeine 3:31 behoort by hoofstuk 3 en die woord “wet” verwys na God se wet wat gehoorsaamheid eis van (beveel aan) alle mense (presies soos Paulus in Romeine 7:7-13 en 13:8-10 leer).

In Romeine 3:20 sê Paulus, “Omdat geen mens op grond van die wet (die poging om die morele, seremoniële wette te onderhou)(ANV: wetsonderhouding) deur God vrygespreek (geregverdig) word nie.” In Romeine 3:21 sê hy: “Die geregtigheid van God waarvan die wet en die profete getuig is geopenbaar (Grieks: faneroó) (voltooid teenwoordige tyd) (ANV: die vryspraak het in werking getree) sonder die onderhouding van die (die morele, seremoniële en burgerlike) wet.” In Romeine 3:27 sê hy, “De wet (beginsel of metode) van die evangelieboodskap is die geloof en nie die werke van die (morele, seremoniële en burgerlike) wet nie.” En in Romeine 3:28 sê hy, “Ons betoog is tog dat 'n mens vrygespreek (geregverdig) word omdat hy glo, nie omdat hy die (morele, seremoniële en burgerlike) wet onderhou nie.”

Die onweersaanbare vraag is dan, “Welke betekenis het die wet (d.w.s. die onderhouding van die morele, seremoniële en burgerlike wette) dan nog as die seremoniële en burgerlike wette al vervul, opgehef en afgeskaf is? Is die wet (die morele wette) in die sin van God se gebooie (vgl. die Tien Gebooie) wat gehoorsaamheid van alle mense eis, dan onbruikbaar gemaak?”

Paulus gee hierop 'n duidelike antwoord: “Nee!”. Paulus stel hierdie vraag en gee daar antwoord op sonder verder daarop in te gaan. Deur hulle geloof in Jesus Christus hef Christene “die wet” (d.w.s. die morele wet, die Tien Gebooie) nie op nie! Intendeel, handhaaf Christene die wet (die morele wet, die Tien Gebooie). Die volledige uitleg van die funksie van die wet (die morele wet) volg in Romeine 7:7-13 en 13:8-10. Christene handhaaf “die Wet” in die sin van God se heilige en regverdige regseis en “die Wet” in die sin van God se Tien Gebooie wat Christene as God se geregverdigde (verloste) mense sigbaar behoort te demonstreer.

#### **STAP 4. DOEN.**

#### **TOEPASSINGS**

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 3:21-31.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

**Skryf neer.** As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

#### **1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 3:21-31.**

- 3:21. Ontdek dat die boodskap van die Ou Testament ook “regverdiging (vryspraak) uit God se genade deur die geloof is.”
- 3:22. Ontdek hoekom die Nuwe Testament geen verskil meer maak tussen 'n Jood en 'n nie-Jood (heidene) nie.
- 3:23. Dink aan alle moontlike gebiede waarin die natuurlike mens tekortsiet aan God se absolute volmaakte standaard.
- 3:27. Oorweeg hoe jy jou kan beroem op Jesus Christus en sy volbragte verlossingswerk.
- 3:28. Ondersoek jouself of jy nog aan die onderhouding van bepaalde wette vashou om daardeur God se goedkeuring te wen.<sup>10</sup>
- 3:29. As God (die God van die Bybel) die enige God is, hoe kan jy oor Hom met ander mense praat?
- 3:31. Maak 'n duidelike onderskeid tussen die funksie van die geloof en die funksie van die gehoorsaamheid aan die morele wet (die Tien Gebooie).

<sup>10</sup> Bv. deur bepaalde klere te dra ('n pak, 'n hoed, 'n burka, 'n kopdoek); deur bepaalde voedsel nie te eet nie (varkvleis); deur nie alkohol te drink nie; deur bepaalde tye te vas of nie te werk nie (die Sabbat); deur bepaalde wassing of 'n bepaalde manier van doop (onderdompeling) te onderhou; deur 'n bepaalde bedrag geld te gee ('n tiende), deur nie te dans nie of op bepaalde tye te sport nie, deur 'n bepaalde manier jou oorlede voorvaders te vereer; deur bepaalde “rites de passage” in jou lewensloop te volg; ens.

## 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 3:21-31.

Romeine 3:24 sê dat ons uit genade geregverdig is. Enersyds het dit vir my niks gekos nie, maar andersyds het dit vir God baie gekos! Ek wil nie vergeet dat ek met 'n baie groot losprys vrygekoop is nie, naamlik met die soenoffer van Jesus Christus. Hy is die enigste wat sy lewe vir my en in my plek afgelê het! God se genade is dus nie goedkoop nie, maar baie kosbaar!

Romeine 3:27 sê dat die metode vir die regverdiging geloof en nie godsdienstige werke is nie. Wat regtig belangrik is, is nie wat ek vir Jesus Christus gedoen het nie, maar wat Jesus Christus vir my gedoen het. Niemand op die aarde kan hom beroem op sy eie prestasies of verworwenhede nie. 1 Korintiërs 1:30-31 sê dat ek wel my mag beroem op iets, maar dan alleen op die feit dat Jesus Christus “my geregtigheid (ANV: vryspraak), heiliging en verlossing (loskoop)” geword het! Saam met alle Christene beroem ek my op Jesus Christus en sy volbragte verslossingswerk!

### STAP 5. BID.

### REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 3:21-31.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]  
BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]  
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 3:21-31 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **1 Konings 3, 11, 17 en 18**. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: **(1) Die aard van die Gemeente (Kerk): 1 Petrus 2:5**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “de bruilof”** in Matteus 22:1-14 en **die gelykenis van “die groot maaltyd”** in Lukas 14:15-24 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.